Untitled Document

Inwoners het dit tot hier toe met die rioolwater wat in Achillesweg, Zwavelpoort afspoel.

Zwavelpoorter, Annemarie de Villiers, sê dat dié rioolprobleem die lewe in die omgewing ondraagli

Die rioolwater loop met Achillesweg af en beland in die Zwavelpoortspruit waarlangs dit afvloei na

Annemarie sê sy het dié probleem verlede jaar in September by Luberon Landgoed se bestuur aa

Toe die probleem op 22 Januarie vanjaar weer opduik, het sy vir die hekwag by die landgoed gevr

Rioolwater sypel in Januarie deur Luberon Landgoed se muur
Foto: Annemarie de Villiers

Luberon

Op navraag van ***Die Bronberger*** het Dawie gesê dat Luberon hulle eie moderne rioolste

Hy erken dat hulle in die verlede ‘n rioolprobleem gehad het, maar sê dat dit reggestel is. Dawie sê

Dawie ontken dat enige rou riool wat nog met Achillesweg afstroom, van Luberon af kom. Hy sê Pi

Die rioolwater stroom bo-oor die watersloot op pad na Achillesweg
Foto: Annemarie de Villiers

Uitlaat

Lucia Nagel van die Zwavelpoortse Huiseienaarsvereniging bly self in Achillesweg, naby aan Lub

Lucia sê dat Luberon se rioolwater oor Desember en Januarie ‘n slymerige laag op Achillesweg ge
“Die vraag wat deur verskeie gemeenskapslede aan my gestel is, is waarom die oorskotwater vanuit d

“Die ‘water’ beland in almal wat boorgate het se drinkwater. Ons eie boorgat sowel as Danie Benadie s

Rioolwater loop langs Achillesweg af
Foto’s: Annemarie de Villiers

Toiletpapier

Volgens Lucia was daar by Luberon se hek, ongeveer 500 meter bokant hulle eie rioolstelsel se uitlaat, toiletpapier in die stormwater. Sy sê dat dit vanaf Olympus Heights se

riool-oorloop af kom en met die stormwatersloot tot laer afgevoer is.

Klaarblyklik vererger die stormwaterpyp wat Olympus Heights ingesit het die toestand omdat dit die vrot water vinniger afstoot en Achillesweg vernietig, sê Lucia.

Sy sê dat die storting ‘n geweldige waterlas in die damme op hulle plot veroorsaak, wat dan in die Zwavelpoortspruit oorloop.

“Ons eie damme het die afgelope vier maande ‘n bruin opdrifsel van ongeveer 1–2 cm diep. Dit is my beskeie mening dat die storting totaal en al onaanvaarbaar is omdat dit ons gesondheid beïnvloed.”

Die rioolwater waar dit naby die buurplotte van Lucia Nagel en Danie Benadie se boorgate, uitkom

Foto: Lucia Nagel

Storm

Ná die reënstorm van Sondagaand 9 Februarie het die probleem drasties vererger. Op Maandagoggend 10 Februarie het Lucia dringende boodskappe aan die metroraad gestuur. Sy het gesê dat sy in ‘n modderige gemors sit, dat die strukture van haar geboue beskadig word en dat die water deur mure en vloere sypel.

Lucia het Olympus Heights se bestuurder, Phillip Pretorius, gebel en hy het vir haar gesê dat die metroraad die rioolprojek afgeteken het. Blykbaar het Ferdinand Meyer, die siviele ingenieur, net gedoen wat die metroraad vir hom gesê het om te doen, wat beteken dat die gemors nie Olympus Heights se probleem is nie.

Lucia het in ‘n brief aan Gawie Jansen van Vuuren, hoofingenieur van die metroraad se geïntegreerde stormwater beplanningsafdeling, gedreig dat sy regstappe teen die metroraad en die landgoedontwikkelings sal neem as die situasie nie binne 30 dae aandag kry nie.

Gawie het dieselfde dag sy antwoord aan ***Die Bronberger*** gestuur en gesê dat die stormwaterprobleem in Achillesweg dringend ondersoek sal word. Hy het gesê dat ‘n vergadering tussen verteenwoordigers van alle betrokke afdelings in die vervoerafdeling van Streek Ses op 11 Februarie sou vergader en dat hy so gou as moontlik daarna terugvoer oor moontlike oplossings vir die probleem sal gee.

Skrimbolle op die rioolwater
Foto: Lucia Nager